# C V O MARMER

Reg. no. : 2004/032149/08
Gedeelte H 206 C, Posbus 350, MARBLE HALL, 0450
Tel: (013) 261 2477
E-pos: marmer@lantic.net Webwerf: www.cvomarmer.co.za
*(Besoek ons ook op Facebook)*


## VRYWARINGSVORM MET BETREKKING TOT LEERLINGFOTO'S/-BEELDMATERIAAL/ -VIDEO'S

Ek, (skryf asseblief volle name netjies in blokletters) ________________________________________,

verleen hiermee toestemming aan (**CVO Marmer en BCVO**) om foto's/beeldmateriaal/video's van die kind(ers) hieronder te vertoon as deel van:

- 'n demonstrasie/projek/aktiwiteit in die loop van klaskameronderrig;
- 'n voorbeeldprojek/-aktiwiteit op laserskyf (CD) of enige ander elektroniese medium vir gebruik in opvoedkundige werksessies, klaskamers, advertensies, ensovoorts deur die skool geskep is;
- die skool se webblaaie en sosialemediaplatforms (waaronder Facebook en Twitter);
- voorbeelde wat aan programuitgewers gegee, of wedstrydinskrywings wat by borge ingedien word;
- elektroniese-opnames vir 'n program in verband met die skool wat op 'n televisiestasie uitgesaai sal word; en/of
- enige gedrukte publikasie, wat insluit, dog nie beperk is nie tot, koerante, tydskrifte, jaarboeke, ensovoorts.

Deur hierdie toestemming te verleen, begryp ek dat die skool foto's/beeldmateriaal/video's van die kind(ers) kan gebruik vir doeleindes soos om prestasies te vier en onderwysgeleenthede bekend te maak, soos wat die skoolbestuur en die skoolhoof goeddink, en dat sodanige gebruik vertoning in die skoolfotogalery kan insluit.

Ek onderteken hierdie vrywaringsvorm in die wete dat enige foto's/beeldmateriaal/video's wat op die skool se webtuiste gepubliseer word, deur verskeie nuusorganisasies, waaronder gedrukte, elektroniese en uitsaaimedia, bekom en gereproduseer kan word, en daarom vrywaar ek die skool van enige aanspreeklikheid wat kan ontstaan uit die gebruik van foto's/beeldmateriaal/video's van die kind(ers) in skoolwebpublikasies.

***ALLE INLIGTING WORD VOLGENS DIE POPI-BELEID EN WETGEWING HANTEER EN GEBRUIK***

Daarbenewens begryp ek dat daar moontlike gevare bestaan in verband met die publikasie van foto's, beeldmateriaal en video's op 'n webtuiste, aangesien wêreldwye toegang tot die internet dit onmoontlik maak om te beheer wie toegang tot die inligting verkry.

Ek verstaan ook dat indien ek hierdie ooreenkoms wil herroep, ek dit in enige stadium kan doen deur 'n brief aan die skoolhoof te stuur. Die herroeping sal dan net geld vir toekomstige gebruik en kan die skool nie alle vorige gebruik herroep nie.

**Naam/name van leerling(e):** ______________________________________________

______________________________________________

______________________________________________

**Naam van ouer/voog:** ______________________________________________

**Adres:** ______________________________________________________________

**Stad/Dorp:** ______________________________________________ **Poskode:** _________

**Telefoonnommer:** ______________________________________________________

**Handtekening van ouer/voog:*** ______________________________________________

**Datum:** _________________________

* Leerlinge van 18 jaar of ouer mag hierdie vrywaringsvorm self onderteken. Ons versoek egter die ouer/voog om steeds te mede-onderteken.

***ALLE INLIGTING WORD VOLGENS DIE POPI-BELEID EN WETGEWING HANTEER EN GEBRUIK***